# 322 O bring vir liewe Jesus




Wie was ooit vir die kleines, so goed en sag soos Hy?
Met tere sondaarsliefde trek Hy hul naderby.
***R.*** *Maak in ons lewensmôre, ons hart u eie, Heer!*
*En laat ons kinderloflied, weerklink slegs tot u eer.*

Nog altyd wag Hy liefd'ryk, selfs reik Hy ons die hand,
en lei as troue Herder na onse Vaderland. ***R.***
Soek almal vir die Heiland, bring hulle in hul jeug;
geen arbeid is so heerlik of gee so soeter vreug. ***R.***
Want ook die kleinste pêrel in Jesus Mid'laarskroon
sal glinster in die hemel as sy Verlossersloon. ***R.***

Onbekend J. Mountain (1844-1933)